Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n opstelvraag óf 'n brongebaseerde vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie AFDELING nie. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE *END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)* DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Wie, volgens die bron, het besluit om 'n organisisie vir gewetensbeswaardes te stig? (1 x 2) (2)

1.1.2 Definieer die konsep *diensplig* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, was die doelwitte van die *End Conscription Campaign*? (2 x 1) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom wit jong mans teen nasionale diens gerebelleer het. (2 x 2) (4)

1.1.5 Verduidelik waarom pogings om op Afrikaanse kampusse te organiseer sterk teenkanting van die regering ontvang het. (1 x 2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Noem EEN van die eerste veldtogte wat deur die *ECC* gereël is. (1 x 1) (1)

1.2.2 Identifiseer enige TWEE ongewone taktieke wat deur die *ECC* gebruik is om ondersteuning te lok en bewusmaking te verhoog. (2 x 1) (2)

1.2.3 Lewer kommentaar oor waarom duisende mense uit alle vlakke van die samelewing die beswaarmakers besoek het en op 'n 24-uur solidariteitsvas gegaan het. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik waarom dink jy, hierdie plakkaat geskep is. (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die rol bestudeer wat die *ECC* teen die apartheidsregering in die 1980's gespeel het. (2 x 2) (4)

1.3.3 Identifiseer enige TWEE eise, in die bron, wat deur die *ECC* gemaak was. (2 x 1) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Wat, volgens die bron, was verbied nadat president Botha in 1985 'n Nasionale Noodtoestand aangekondig het? (3 x 1) (3)

1.4.2 Verduidelik die begrip *Noodtoestand* in die konteks van die regering se reaksie op die *ECC*. (1 x 2) (2)

1.4.3 Wat dink jy was die redes vir die regering om lede van die *ECC* in hegtenis te neem? (1 x 2) (2)

1.4.4 Lewer kommentaar oor waarom dit 'onwettig' was vir die Suid-Afrikaanse regering om Dominique Souchon te deporteer. (1 x 2) (2)

1.5 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C met betrekking tot die weerstand teen apartheid in die 1980's ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die *End Constription Campaign* gedurende die 1980's die apartheidsregering uitgedaag het. (8)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARIN GESLAAG OM SLAGOFFERS VAN POLITIEKE MISDADE TE HELP OM AFSLUITING TE VIND?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Volgens die bron, wie was ŉ sleutelfiguur in die formulering van die wet wat die kommissie (WVK) tot stand gebring het? (1 x 1) (1)

2.1.2 Definieer die konsep *kommissie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat die doelwitte van die WVK oordra. (2 x 1) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar oor wat bedoel word met Dullar Omar se woorde: "Die bewerings van wanpraktyke teen die ANC sou ook nie toegesmeer word of onder die mat gevee word nie". (1 x 2) (2)

2.1.5 Identifiseer die TWEE leiers van die WVK in die bron. (2 x 1) (2)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Wie, volgens die bron, was Rick Turner? (2 x 1) (2)

2.2.2 Verduidelik waarom jy dink dat Rick Turner se moordenaar na veertig jaar 'steeds vry' is. (2 x 2) (4)

2.2.3 Noem enige DRIE mense wat die hoogste prys in die stryd vir ŉ vrye en demokratiese land betaal het. (3 x 1) (3)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar oor waarom die WVK nie Jann Turner kon help om haar pa se moordenaar te vind nie. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Waarom, volgens die bron, lyk dit vreemd dat die Durbanse moord-en-roofeenheid nooit met selfs ŉ sterk leidraad vorendag gekom het om Rick Turner se saak op te los nie? (1 x 2) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar op die betekenis van die stelling: "Alle ondersoeke tot op hede het ons tot by die muur van stilswye rondom die BSV en die veiligheidspolisie gelei," rakende die moord op Rick Turner. (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik waarom ŉ historikus dit as ŉ betroubare bron kan beskou wat die omstandighede rondom die moord op Rick Turner navors. (2 x 2) (4)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskappe word in die spotprent oorgedra aangaande die werk van die WVK om die slagoffers van politieke misdade te help om afsluiting te vind? (2 x 2) (4)

2.4.2 Verduidelik die betekenis van die gaping tussen die woorde 'Waarheid en Versoening'. (1 x 2) (2)

2.4.3 Verduidelik die konsep *versoening* in die konteks van die Waarheids-en-Versoeningskommissie. (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die doelwitte van die WVK ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daarin geslaag het om slagoffers van politieke misdade te help om afsluiting te vind. (8)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 3: HOE HET HANDELSLIBERALISERING TOT WERKSVERLIES IN SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF IN DIE 1990's BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal TWEE ooreenkomste uit die bron aan wat Suid-Afrika in 1994 onderteken het. (2 x 1) (2)

3.1.2 Definieer die term *handelsliberalisering* in die konteks van die klere- en tekstielbedryf. (1 x 2) (2)

3.1.3 Verduidelik die impak wat die Marrakesj-ooreenkoms op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Wat, volgens die bron, het die impak van tariefliberalisering versterk? (2 x 1) (2)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Watter dorp, volgens die bron, was die tuiste van KwaZulu-Natal se tekstielbedryf vanaf die 1950's? (1 x 2) (2)

3.2.2 Watter impak, volgens die bron, het goedkoop invoere vanaf China op mense wat in Hammarsdale woon, gehad? (2 x 1) (2)

3.2.3 Gebruik die inligitng in die bron en jou eie kennis, en verduidelik hoe Hammarsdale se gemeenskap beïnvloed is deur die regering se besluit om 'vrye handel' in Suid-Afrika in te stel. (2 x 2) (4)

3.2.4 Definieer die begrip *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.5 Verduidelik wat Mthetheleli Mjilo geïmpliseer het met hierdie stelling: "Dit is die laaste stuiptrekkings van 'n sterwende perd vir Hammarsdale." (1 x 2) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe word in die plakkaat oorgedra? (2 x 2) (4)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom COSATU besluit het om hierdie plakkaat te vervaardig. (2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Noem DRIE maniere in die bron waarop Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf in staat was om met wêreldwye vervaardigers mee te ding. (3 x 1) (3)

3.4.2 By watter vakbond se jaarlikse bedingingsraadsvergadering, volgens die bron, was Patel ŉ spreker? (1 x 1) (1)

3.4.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir ŉ historikus wat die rol wat die DHN in Suid-Afrika se klere- en tekstielsektor gespeel het, bestudeer. (2 x 2) (4)

3.5 Vergelyk Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3D met betrekking tot die impak van handelsliberalisering op Suid-Afrika, ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe handelsliberalisering tot werkverliese in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf in die 1990's bygedra het. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate die Swart Bewussynsbeweging, geïnisieer deur Steve Biko, 'n deurslaggewende rol gespeel het om swartes aan te moedig om die apartheidsregering in Suid-Afrika gedurende die 1960's en 1970's uit te daag.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die pad na demokrasie was gevul met uitdagings wat onderhandelinge byna gestop het. Die sterk leierskap en toewyding wat beide die Nasionale Party-regering en die African National Congress getoon het tydens die onderhandelingsproses wat in 1990 begin het, het egter 'n deurslaggewende rol in die fasilitering van die eerste demokratiese verkiesings in 1994 gespeel.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou lyn van argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Gorbachev se baanbrekende hervormings in die Sowjetunie in die 1980's het 'n negatiewe impak op die Sowjetunie gehad, maar het ook tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei wat FW de Klerk beïnvloed het om hervormings in die 1990's deur te voer.

Bespreek hierdie stelling krities. Motiveer jou argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

**VRAAG 1: HOE HET DIE *END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)* DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's UITGEDAAG?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder verduidelik die redes vir die stigting van die *End Conscription Campaign* (*ECC*) in 1983. Dit is in 1991 deur Padraig O'Malley, 'n Ierse Internasionale Professor, geskryf.

Die *End Conscription Campaign* is in 1983 gestig, nadat Black Sash in Julie daardie jaar besluit het om 'n organisasie vir pligsgetroue (ywerige) beswaarmakers te stig. Die hoofdoel van die *ECC* was die uitbreiding van die regte van pligsgetroue gewetensbeswaardes en die skep van 'n stelsel van alternatiewe militêre diens sonder die element van straf. Volgens die Suid-Afrikaanse wet, moet alle wit mans oor die ouderdom van 18 militêre diens voltooi, óf in die Verdedingingsmag óf in die polisie. Die *ECC* is as 'n koalisie gevorm, gelei deur die bestaande Ondersteuningsgroepe vir Gewetensbeswaardes, bestaande uit menseregte-, godsdienstige-, studente- en vroue-organisasies wat teen diensplig en militarisering gekant was en daartoe verbind was om vir 'n regverdige vrede in ons land te werk.

Die *ECC* se teenkanting teen diensplig is gebaseer op die fundamentele (basiese) oortuiging dat geen persoon teen hul wil gedwing kan word om wapens op te neem en 'n lewe te neem nie. As gevolg van die toenemende betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) by operasies teen Suid-Afrikaanse versetorganisasies binne en buite die land en by die verdediging en handhawing (instandhouding) van die apartheidstelsel in die middel tagtigerjare, het 'n groeiende aantal jong mans teen nasionale diens begin rebelleer. Die meeste van hulle het uit Suid-Afrika gevlug om militêre diens te vermy, terwyl 'n minderheid tronk toe gestuur is nadat hulle geweier het om militêre opleiding te ondergaan. Die *ECC* het so vinnig gegroei dat dit teen die einde van 1985, meer as 4 000 lede in sewe takke gehad het. Die organiesasie se groeigebied was Engelssprekende universiteite en Engels-medium hoërskole. Pogings om op Afrikaanse kampusse te organiseer is met sterk teenkanting van die regering ontvang.

[Uit https://omalley.nelsonmandela.org>index. php>. Toegang op 15 Januarie 2025 verkry.]



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**BRON 1B**

Hierdie bron handel oor die veldtogte wat die *ECC* aangepak het om die apartheidsregering in 1985 uit te daag.

Die *ECC* het baie veldtogte binne die wit gemeenskap uitgevoer om bewustheid te kweek en te protesteer teen die militêre optrede van die Suid-Afrikaanse Weermag. Een van sy eerste veldtogte was die 'Geen Oorlog in Namibië-veldtog', wat 'n protes was teen die SAW se besetting van Namibië. In 1985 het die *ECC* 'n 'Stop the Call-up Peace Festival' gehou waar honderde aktiviste drie dae aan werkswinkels, seminare en in 'n reeks kulturele geleenthede deurgebring het.

Die *ECC* het ongewone taktieke gebruik om steun te lok en bewusmaking te verhoog. Hulle het rockkonserte, kermisse en anti-oorlog plakkaatuitstallings gehou en plakkers, T-hemde en pamflette vervaardig om aan 'n wye verskeidenheid mense te versprei. Dit het aanleiding gegee tot 'n gewilde anti-oorlogkultuur. Dit het ook weerstand teen diensplig versterk.


Die 'Troepe uit die Townships'-veldtog in 1985 was 'n reaksie op die mobilisering van duisende troepe om die townships te beset en te polisieer. Die veldtog was gesentreer rondom 'n aantal gewetensbeswaardes wat gevas het. Duisende mense van alle vlakke van die samelewing het die beswaarmakers besoek en op 'n 24-uur solidariteitsvas gegaan. Die veldtog het mense van alle rasse verenig en het gewys dat die *ECC* 'n groeiende organisasie is wat 'n plek in die Suid-Afrikaanse opposisiepolitiek beklee het.

[Uit https://www.saha.org.za/youth/the_fight_against_conscription.htm. Toegang op 15 Januarie 2025 verkry.]


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

Die plakkaat hieronder is in 1985 deur *ECC* geskep vir 'n vredesfees by die Witwatersrand Universiteit in Johannesburg. Dit lees 'TROEPE UIT'.




[Uit saha.org.za/ecc25/troops out.htm. Toegang op 15 Januarie 2025 verkry.]

Sat 29
JUNIE
8 nm
WITS
GREAT
HALL

**VREDESFEES**

**TROEPE UIT**

**ANTON LUBOWSKI (Namibian Advocate)**

**STONE SIZANE (UDF-E CAPE)**

**PADDY KEARNEY (Diakonia)**

**MOLLY BLACKBURN (PFP /MPC)**

**STOP DIE OPROEP**



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 1D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel geneem uit die 2013 MA-proefskrif geskryf deur David Jones aan die Universiteit van Fort Hare. Die titel is '*Objecting to Apartheid: The history of the End Conscription Campaign'* en dit fokus op die regering se reaksie teenoor die *ECC*.

In 1985 het president Botha 'n Nasionale Noodtoestand aangekondig. Mediadekking van 'onrus voorvalle' en optrede van die veiligheidsmag, of die publikasie van enige 'ondermynende' verklarings is verbied en die tydperk toegelaat vir aanhouding sonder verhoor is tot 180 dae verleng. Saam met honderde swart aktiviste, is 46 *ECC*-lede aangehou. Twaalf was 2 maande later nog in aanhouding. Vergaderings, publikasies en aktiwiteite van die organisasie is verban. Dit is onwettig verklaar om enige openbare verklaring teen diensplig te maak. Gewone lede is aan verhoogde toesig, stelselmatige teistering, intimidasie en arrestasie onderwerp. Disinformasie, doodsdreigemente, onwelvoeglike en dreigende telefoonoproepe, fisiese aanrandings, inbrake, selfs brandbomaanvalle teen lede van die organisasie het algemeen geword. Daar is met aktiviste se voertuie gepeuter, bande is gesny (13 sulke gevalle is gerapporteer). Valse aanklagtes is teen lede gelê, dwelms is geplant.

Drie petrolbomme is na die huis van die *ECC*-lid, Anne McKay in Berea, Johannesburg, gegooi. Die *ECC*-aktivis Dominique Souchon is aangehou en 'n deportasiebevel na Mauritius is vir hom uitgereik, alhoewel hy slegs die eerste 18 maande van sy lewe daar gewoon het en al 25 jaar in Suid-Afrika woonagtig is. Janet Cherry is in Kaapstad in hegtenis geneem nadat sy vir vyf weke weggekruip het. Sy sou meer as 'n jaar in aanhouding deurbring.

[Uit *Objecting to Apartheid: The History of the End Conscription Campaign* deur D. Jones]


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARIN GESLAAG OM SLAGOFFERS VAN POLITIEKE MISDADE TE HELP OM AFSLUITING TE VIND?

### BRON 2A

Die uittreksel hieronder beskryf die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1995.

ʼn Sleutelfiguur in die formulering van die wet wat die kommissie (WVK) daargestel het, was die destydse Minister van Justisie, Dullah Omar. Daar was baie publieke angstigheid oor die moontlikheid van ʼn anti-Afrikaner-heksejag. Hy het hierdie vrese besweer:

*Ek wil beklemtoon dat die doel nie is om ʼn heksejag uit te voer of om oortreders van menseregteskendings voor die hof op aanklagte te daag nie. Dit is … om Suid-Afrikaners in staat te stel om met hul verlede op ʼn moreel aanvaarbare basis vrede te maak en om die saak van versoening te bevorder.*

Die bewerings van wanpraktyke teen die ANC ʻsou ook nie toegesmeer word of onder die mat gevee word nieʼ. Omar het voortdurend die behoefte beklemtoon om ʼn forum vir slagoffers te verskaf om die waarheid te praat, soos hulle dit ervaar het, en vir oortreders om die waarheid te openbaar, soos hulle dit geken het.

Die WVK het vroeg in 1996 tot stand gekom, onder die gesamentlike leierskap van aartsbiskop Desmond Tutu en die voormalige geestelike en liberale politikus, Alex Boraine. Ander kommissarisse het uit alle rasse en politieke spektrums gekom.

Hulle taak was om menseregteskendings tussen 1960 en 1994 aan alle kante te ondersoek, om getuienis deur slagoffers en oortreders aan te hoor en, waar daar die volle waarheid openbaar is en politieke motivering duidelik aanwesig was, oortreders amnestie van vervolging of siviele optrede te gee. Die doelstellings van die WVK was om waarheidgetrouheid en genesing aan te moedig.

[Uit *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa*, in opdrag van die Ministerie van Onderwys, 2004]

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die koerantartikel hieronder fokus op hoe Rick Turner vermoor is. Dit het op 7 Januarie 2018 in die *Sunday Tribune* verskyn met die titel, 'Wie het dr. Rick Turner Vermoor?'

Dit is net na middernag op 8 Januarie 1978 en universiteitsakademikus en politieke aktivis, Rick Turner, hoor 'n geluid buite sy huis in Daltonweg 32, in die Durbanse woonbuurt, Bellair. Geklee in kort slaapklere, loop hy van sy slaapkamer om ondersoek in te stel. 'n Skoot gaan af en Turner slaan op die vloer neer. Sy moord vind slegs vier maande na die moord van 'n ander politieke aktivis, die Swartbewussynsleier, Bantu Stephen Biko, deur die Suid-Afrikaanse veiligheidspolisie plaas.

Turner se moordenaar is na veertig jaar steeds vry indien hy nog lewe. Maar die konsensus (ooreenstemming) is steeds dat hierdie sluipmoord deur die apartheidsregime se veiligheidsmag beplan en uitgevoer is. 'n Hartseerstorie oor die houding van Suid-Afrikaners oor die moorde op diegene wat die hoogste prys in die stryd vir 'n vry en demokratiese land betaal het, byvoorbeeld Biko, Neil Agget, Matthew Goniwe, Sparrow Mkhonto en Ashley Kriel het in die dekades na Turner se sluipmoord ontluik (ontvou).

Jann Turner (Rick se dogter) sê haar ondersoek, wat in 1989 begin het, is deur ondersoekjoernalis, Jacques Pauw, se onthullings oor die veiligheidspolisie se moordbendehoofkwartier by Vlakplaas gemotiveer. Daar was nuwe hoop in 2015 dat Turner se moordenaar oplaas geïdentifiseer sou word met die vrystelling van die Artikel 29-verhore van die Waarheids-en-Versoeningskommissie, getuienis wat nie voorheen geopenbaar is nie.

Maar dit het nie 'n moordenaar geïdentifiseer nie. Daar was baie aanduidings. Onder diegene wat deur die WVK opgeroep is om te getuig, was Chris Earle, 'n voormalige moord-en-roof-kaptein, sy bevelvoerder, majoor Christoffel Gert Groenewald en Martin Dolinschek, 'n operateur van die Buro vir Staatsveiligheid (BSV) …

[Uit https://www.iol.co.za/sunday-tribune/news/who-killed-dr-rick-turner-12638345 Toegang op 22 Februarie 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2C**

Die bron hieronder is ŉ afskrif van die getuienis wat Jann Turner oor die sluipmoord van haar pa, Rick Turner, by die WVK-verhore gegee het. Dit is op 24 Oktober 1996 in Durban gehou en die voorsitter was dr. Alex Boraine.

**VOORSITTER:** Weer eens, wanneer jy gereed is, neem jou tyd. Ons sal luister. Baie dankie.

**JANN TURNER:** My naam is Jann Turner. Baie dankie dat julle ons vandag aanhoor. Ek gaan ŉ bietjie praat oor die nag toe my pa vermoor is, en dan oor my pogings om oor die jare heen sy moordenaar te vind.

Dit lyk vir my meer as vreemd dat die Durbanse moord-en-roof-eenheid, ŉ eenheid met ŉ uitstekende rekord van opgeloste misdade, nog nooit eens met ŉ sterk leidraad wat nog te sê van ŉ moordenaar, mee vorendag gekom het nie. Dit was buitengewoon (selde), vir die moordenaar van ŉ wit persoon in ŉ wit woonbuurt om in 1978 nie gearresteer te word nie. Nog meer buitengewoon, wanneer die slagoffer deur die polisie dopgehou was, soos ons weet was my pa voortdurend vir ten minste vyf jaar dopgehou.

Wie ook al my pa vermoor het, het dit met uiterse professionaliteit en doeltreffendheid gedoen en het die beste hulp gehad om hulle spore toe te smeer. Dit wil my voorkom asof die enigste mense wat op so ŉ manier kon opgetree het was die lede van die Buro van Staatsveiligheid (BSV) of veiligheidspolisie. Dit is belangrik om kennis te neem dat my pa se sluipmoord nie geïsoleerd was nie. Ons het net ŉ paar weke voor hy vermoor is, gehoor dat skote op Fatima Meer se huis gevuur is. Fatima het gelukkig ontsnap.

Soos wat die gewese polisiemanne, Dirk Coetzee en Martin Dolinschek aan my verduidelik het, is mense soos my pa nie eens as menswaardig beskou nie, hulle was kommunistiese, terroristeskuim (vuilgoed). Hulle was letterlik doodmaklike teikens …

Alle ondersoeke tot op hede het ons tot by die muur van stilswye rondom die BSV en die veiligheidspolisie gelei. Die Waarheids-en-Versoeningskommissie bied die eerste, en waarskynlik ook die laaste, hoop dat my pa se sluipmoord volledig en amptelik ondersoek sal word. Ek wil weet wie het my pa vermoor en waarom. Ek verwag nie dat julle met die moordenaar vorendag moet kom nie, maar wat ek wel verwag is dat julle sal probeer om sy moord te ondersoek … Leon Mellet, ŉ destydse misdaadverslaggewer by een van die Durbanse koerante, en nou ŉ brigadier, het in die week na my pa vermoor is verskeie stories geskryf waarin daar gesinspeel is dat my pa deur die ANC vermoor is …


[Uit http://sabctrc.saha.org.za/tvseries/episode9/section3.htm. Toegang op 12 Februarie 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2D**

Hierdie is 'n spotprent deur Zapiro gepubliseer in Mei 1997 op die 'Waarheid-en-Versoeningskommissie' van Suid-Afrika. Links, wonder die hoof van die WVK, aartsbiskop Desmond Tutu, oor die groeiende skeuring (gaping) tussen die woorde "Waarheid en Versoening".




[Uit https://www.researchgate.net/figure/Cartoon-on-the-Truth-and-Reconciliation-Commission-of-South-Africa-On-the-left-the_fig3_256092868. Toegang op 12 Februarie 2025 verkry.]

WAARHEID

VERSOENING


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET HANDELSLIBERALISERING TOT WERKSVERLIES IN SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF IN DIE 1990's BYGEDRA?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder fokus op die invloed wat handelsliberalisering in die 1990's op Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf gehad het.

Daar was in die vroeë 1990's aansienlike debat oor wat Suid-Afrika se eksterne tariefbeleid moes wees. Suid-Afrika moes na jare van isolasie as gevolg van sy apartheidsbeleid, as 'n lid van die internasionale gemeenskap herstel word en aan internasionale handel deelneem. Suid-Afrika was in 1994 'n ondertekenaar van die Marrakesj Algemene Ooreenkoms op Tariewe en Handel ('GATT') en die Wêreldhandelsorganisasie-ooreenkoms (WHO). Ten opsigte van sy Marrakesj-ooreenkoms het Suid-Afrika ooreengekom om 'n massiewe liberalisering (vrymaking) van tariewe op die meeste landbou- en vervaardigingsgoedere, waaronder dié in die klere- en tekstielsektore, te onderneem.

Die Suid-Afrikaanse regering het kort na die ondertekening van die Marrakesj-ooreenkoms, angstig om druk op sy plaaslike bedrywe te plaas om internasionaal selfs meer mededingend te word, die aksynsbelasting op klere verlaag. Sy tarief-liberaliseringsprogram, wat nuwe meesbegunstigde-nasie (MBN)-belastingtariewe ingestel het, het beleef hoe tariewe vir plaaslike klere en tekstiele tot by vlakke wat beduidend onder sy 1994-WHO-verpligtinge was, val.

Ondoeltreffendheid en korrupsie in Suid-Afrika se doeane-administrasie het die impak van tariefliberalisering verhoog. Groot hoeveelhede klere, hoofsaaklik uit China, Indië en Pakistan het die land ingestroom sonder dat enige aksynsbelasting daarop gehef is of sonder dat die relevante 'reëls van oorsprong' nagekom is.

[Uit *A Case Study of the Clothing Industry in South Africa* by Mark Bennett]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 3B

Die artikel hieronder fokus op die invloed wat handelsliberalisering op Hammarsdale se ekonomie gehad het. Hammarsdale is in die Mpumalanga-township in KwaZulu-Natal geleë. Die titel van die artikel is *'Death of a Town'* wat deur P Harper geskryf is. Dit het op 5 Februarie 2014 op die NEWS24-webtuiste verskyn.

Hammarsdale, wat teen Durban se westelike grens geleë is, was vanaf die 1950's die tuiste van KwaZulu-Natal se tekstielbedryf, met die Mpumalanga-township wat deur die apartheidsregering gevestig is om werkers te huisves wat ingebring is om by die fabrieke te werk. Maar vanaf die laat 1980's het die invloei van goedkoop materiaal uit lande soos China en die verskuiwing van werkgewers na gebiede met laer arbeidskoste begin om Hammarsdale se ekonomie weg te vreet. Massiewe werkgewers, soos die tekstielreus die Frame Group, het uit die dorp weggetrek en duisende werksgeleenthede het verlore gegaan.

Mthetheleli Mjilo, 'n plaaslike landskapskontrakteur en 'n leier van die Hammarsdale Besigheidsforum, het in die omgewing grootgeword en het dit in sy gloriedae gesien. 'Toe ek hier grootgeword het, was daar werksgeleenthede in die tekstielbedryf. Toe Nigerië in 1994 in die Wêreldbekersokkertoernooi gespeel het, het my ouer broer hier in die fabriek gewerk wat hulle hemde gemaak het. Hierdie plek het werksgeleenthede gehad,' sê hy. Mjilo voeg by dat die vlak van voorspoed in die gebied geleidelik afgeneem het …

Mjilo het in 2005 opgemerk dat 'die gebied nie veel meer hiervan kan hanteer nie. Hy het verklaar dat: 'Die tekstielbedryf het eerste gegaan. Vir elke verlore werksgeleentheid kan jy sê dat nog ses mense gaan slaap sonder om iets te eet. Dit is 'n verdere 7 000 mense wat in hierdie gebied honger ly. Ons het 'n baie groot probleem hier. Dit is die laaste stuiptrekkings van 'n sterwende perd vir Hammarsdale. Ons het alreeds duisende jongmense wat met skool klaarmaak en wie nie plaaslik werk kan kry nie.'

[Uit https://www.news24.com/South Africa/News/death-of-atown-20170204. Toegang op 5 Februarie 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 3C

Die plakkaat hieronder is in 2015 deur die Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde (COSATU) vervaardig. Dit was in reaksie op die duisende werkers wat hul werk verloor het as gevolg van die sluiting van klere- en tekstielfabrieke in KwaZulu-Natal en Kaapstad.




[Uit http://www.industrial-union.org/a-turnaround-for-south-africas-tectle-industry. Toegang op 5 Februarie 2025 verkry.]

GEMAAK in SUID-AFRIKA

ONS KLERE FABRIEKE

RED

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3D**

Die artikel hieronder beskryf in hooftrekke hoe die Suid-Afrikaanse regering gehelp het om die plaaslike klere- en tekstielbedryf te stabiliseer. Dit is deur N Magwaza geskryf en het op 10 Maart 2016 op die *Independent Online*-nuuswebtuiste verskyn.

Johannesburg: Die Suid-Afrikaanse klere- en tekstielbedryf het sy kragte herwin en indien dit ondersteun word, sal dit met wêreldwye vervaardigers met betrekking tot prys, gehalte en beskikbaarheid kan meeding, volgens Ebrahim Patel, die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling.

Patel het Donderdag by die jaarlikse bedingingsraadvergadering van die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielwerkersunie (SAKTWU) in Durban gepraat. 'Ons is nog nie daar nie, maar ons het baie vermag om werksgeleenthede in hierdie bedryf te red en te skep,' het Patel gesê.

Die bedryf het tussen 2002 en 2012 werksgeleenthede verloor as gevolg van faktore soos goedkoop invoere, swak opleiding en 'n tekort aan beleggings deur maatskappye.

Patel het gesê dat die sektor baat gevind het by ongeveer R4 biljoen wat bestee is in die vorm van óf lenings óf aansporings. Die produksieaansporings val onder die Klere- en Tekstiel-mededingingverbeteringsprogram wat maatskappye help om mededinging te verbeter en om vir kapitaalopgradering te betaal. Deur die Departement van Handel en Nywerheid ('DHN'), het die regering die R2,2 biljoen-produksieaansporingsfonds vir die klere-, tekstiel-, skoeisel (skoene)- en leersektor goedgekeur. Patel het gesê dat dit 63 000 werksgeleenthede gered het en 8 000 bykomende werksgeleenthede geskep het.

Die KwaZulu-Natal Klere- en tekstielgroep het ook by die regering se ingryping baat gevind. Johann Baard, die uitvoerende direkteur van Apparel Vervaardigers ('n Suid-Afrikaanse maatskappy), het gesê hy het waargeneem dat die bedryf die afgelope 18 maande verbeter het. 'Sedert die sektor vier jaar gelede ondersteuning van die regering ontvang het, het ons die skepping van 8 000 bykomende werksgeleenthede en die uitbreiding van die klerebedryf aanskou.'

[Uit https://www.iol.co.za/business-report/economy/hope-returns-to-clothing-textiles-sector1658543. Toegang op 5 Februarie 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bennett, M. 2003. A Case Study of the Clothing Industry in South Africa (International Labour Office)

http://sabctrc.saha.org.za/tvseries/episode9/section3.htm

http://www.industrial-union.org/a-turnaround-for-south-africas-tectle-industry

https://omalley.nelsonmandela.org>.

https://www.iol.co.za/business-report/economy/hope-returns-to-clothing-textiles-sector-1658543

https://www.iol.co.za/sunday-tribune/news/who-killed-dr-rick-turner-12638345

https://www.news24.com/South Africa/News/death-of-atown-20170204

https://www.researchgate.net/figure/Cartoon-on-the-Truth-and-Reconciliation-Commission-of-South- Africa-On-the-left-the_fig3_256092868

https://www.saha.org.za/youth/the_fight_against_conscription.htm

Jones, D. 2013. Master of Arts Thesis "Objecting to Apartheid: The History of the End Conscription Campaign" The University of Forte Hare,

Ministerie van Onderwys, 2004. *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa*

saha.org.za/ecc25/troops_out.htm

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 26 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . ________________

________________ . ________________________ . __________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LVA ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }30–33 |
| A | VLAK 5 | |

**KOMMENTAAR**

- Vraag herkenbaar in antwoord.
- Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br><br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br><br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het ŉ goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br><br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. ŉ Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om ŉ onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br><br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om ŉ duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br><br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot ŉ sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br><br> Toon soms bewys van ŉ gestruktureerde en beplande argument. Poog om ŉ argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br><br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om ŉ gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br><br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van ŉ punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE BEËINDIG DIENSPLIG-VELDTOG *END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)* DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's UITGEDAAG?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Black Sash' (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1 A – V1]*
- Verpligte inskrywing vir diens in 'n land se weermag
- Verpligte militêre diensplig vir wit mans in Suid-Afrika in die 1980's
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1 A – V1]*
- 'Die uitbreiding van die regte van pligsgetroue gewetens-beswaardes'
- 'Die skep van 'n stelsel van alternatiewe militêre diens sonder die element van straf' (2 x 1) (2)

1.1.4. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle het geglo dat apartheid wreed is
- Hulle het geglo dat apartheid menseregte van die meeste Suid-Afrikaners skend
- Hulle het in vrede geglo
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle wou wit oppergesag beskerm
- Hulle het die Suid-Afrikaanse regering se beleid van apartheid ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Geen Oorlog in Namibië' (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Hulle het rockkonserte gehou'
- 'Hulle het kermis gehou'
- 'Hulle het anti-oorlog plakkaatuitstallings gehou'
- 'Hulle het plakkers, T-hemde en pamflette gemaak om aan 'n wye verskeidenheid mense te versprei'. (enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Om te wys dat almal, ongeag hul agtergrond, die *ECC* ondersteun het
- Om solidariteit met *ECC* te toon
- Om te wys dat mense verenig was in die stryd teen diensplig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Om mense uit te nooi om deel van die fees te wees
- Om mense in kennis te stel van die datum, tyd en plek vir die fees
- Om mense bewus te maak van die sprekers in die fees
- Om hulle te wys dat hulle teen diensplig is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Evaluering van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1C – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit is ŉ plakkaat wat die ECC in 1985 vervaardig het
- Dit wys dat verskillende organisasies die *ECC* ondersteun het
- Die datum op die bron stem ooreen met die tyd toe die *ECC* teen die apartheidsregering geveg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'Troepe uit'
- 'Stop die oproep' (2 x 1) (2)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Mediadekking van onrusvoorvalle'
- 'Mediadekking van veiligheidsmagoteptredes'
- 'Publikasie van enige ondermynende verklarings' (3 x 1) (3)

1.4.2 *[Verduideliking van'n historiese konsep uit Bron 1 D – V2]*
- Dit is om die polisie en weermag meer mag te gee as wat hulle normaalweg het om betogings en optogte te onderdruk
- Dit is ŉ situasie waarin ŉ regering bemagtig is om in staat te wees om beleide deur te voer wat dit tipies nie toegelaat sal word om te doen nie
- Mense kon gearresteer word sonder om hof toe te gaan omdat hulle nie militêre opleiding wou doen nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
**Hulle wou:**
- Mense afskrik om by *ECC* aan te sluit
- Verhoed dat die *ECC* gewild raak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Dit was ŉ skending van sy menseregte
- Hy het permanente Suid-Afrikaanse burgerskap gehad
- As burger het hy die reg gehad om teen die onregverdige dienspligstelsel te protesteer
- Hy het nooit die bepalings van sy visa oortree nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1C om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 1B dui aan dat die *EEC* geprotesteer het teen die apartheidsregering se betrokkenheid by die Namibiese Oorlog en Bron 1C toon dat die *EEC* ŉ vredesfees gehou het wat 'Stop die oproep' en 'Troepe Uit' eis
- Bron 1B dui aan dat die Troepe uit die Township-veldtog deur die *ECC* gehou is en in Bron 1C word getoon dat een van die eise van die *ECC* 'Troepe Uit'was
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Die *End Conscription Campaign* is in 1983 gestig nadat Black Sash besluit het om ŉ organisasie vir gewetensbeswaardes te stig (Bron 1A)
- Sedert 1967 moes alle wit mans vir een jaar in die weermag dien (eie kennis)
- Die *ECC* was teen die oorloë op die Suid-Afrikaanse grense en die gebruik van die weermag om orde in die townships te handhaaf aangesien hulle nie mede-Suid-Afrikaners wou doodmaak nie (Bron 1A en eie kennis)
- Die *ECC* was gekant teen diensplig en militarisering (Bron 1A)
- Daar was ŉ groeiende aantal jong mans wat teen nasionale diens begin rebelleer het (Bron 1A)
- Die *ECC* het geglo dat geen persoon teen hul wil gedwing kan word om wapens op te neem en die lewe te neem nie (Bron 1A)
- Die *ECC* het veldtogte soos 'Geen oorlog in Namibië' en 'Troepe uit die Township' begin om die apartheidsregering uit te daag (Bron 1B)
- Die *ECC* het ook ongewone taktieke gebruik om bewustheid te verhoog soos konserte, plakkate (Bron 1B en Bron 1C)
- Die *ECC* het verskeie veldtogte teen militêre diensplig geloods (Bron 1B)
- Die *ECC* het plakkate vervaardig om jong wit mans te ontmoedig om hul militêre diens te doen (Bron 1C)
- Op 24 Augustus 1993 het die Minister van Verdediging, Kobie Coetzee, die einde van diensplig aangekondig (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die *ECC* die apartheidsregering gedurende die 1980’s uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die ECC die apartheidsregering gedurende die 1980’s uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor hoe die ECC die apartheidsregering gedurende die 1980’s uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DAARIN GESLAAG OM SLAGOFFERS VAN POLITIEKE MISDADE TE HELP OM AFSLUITING TE VIND?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Minister van Justisie, Dullar Omar' (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- ŉ Groep mense wat deur die regering toevertrou is om ŉ sekere taak te verrig
- ŉ Groep mense wat toevertrou is om ŉ saak wat van nasionale belang is, te ondersoek
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A –V1]*
- 'Om Suid-Afrikaners in staat te stel om hul verlede op ŉ moreel aanvaarbare basis te verwerk'
- 'Om die saak van versoening te bevorder' (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Alle menseregteskendings wat deur die ANC gepleeg word, sal ook ondersoek word
- Menseregteskendings deur die ANC sal ook dieselfde behandel word as dié van die NP
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Aartsbiskop Desmond Tutu'
- 'Alex Boraine' (2 x 1) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Universiteitsakademikus'
- 'Politieke aktivis' (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die WVK-verslag het nooit die moordenaar geïdentifiseer nie
- Niemand het aansoek gedoen om amnestie as die moordenaar van Rick Turner nie
- Niemand het na vore gekom om die waarheid oor die moord op Rick Turner te openbaar nie
- Niemand het verantwoordelikheid vir sy dood geneem nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*
- 'Biko'
- 'Neil Aggett'
- 'Matthew Goniwe'
- 'Sparrow Mkhonto'
- 'Ashley Kriel' (enige 3 x 1) (3)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Die WVK kon nie inligting oor die dood van Rick Turner kry nie
- Die moordenaar van Rick Turner het nie voor die WVK verskyn en om amnestie aansoek gedoen nie
- Die veiligheidspolisie het daarin geslaag om hul betrokkenheid by die moord op Rick Turner weg te steek
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'n Eenheid met 'n uitstekende rekord van die oplos van misdade het nog nooit met 'n sterk leidraad vorendag gekom nie, wat nog te sê 'n moordenaar'
- 'Dit was selde dat die moordenaar van 'n wit persoon in 'n wit woonbuurt in 1987 nie aangekeer is nie'
- 'Nog meer buitengewoon, toe die slagoffer deur die polisie dopgehou was'

(enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Die betrokkenheid van die BSV en veiligheidspolisie was 'n geheim
- Niemand het voor die WVK verskyn om die waarheid oor die dood van Rick Turner te onthul nie
- Die persone in magsposisies het diegene blokkeer wat die waarheid oor die betrokkenheid van die BSV en die veiligsheidspolisie wou onthul
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Bepaal die betroubaarheid van Bron 2C – V3]*
**Hierdie bron is BETROUBAAR omdat:**

- Hierdie 'n primêre bron is, 'n transkripsie van Jann Turner, die dogter van Rick Turner
- Die datum van die verhoor (24 Oktober 1996) ooreenstem met die datums waarop WVK verhore plaasgevind het
- Dit die feit beklemtoon dat die veiligheidspolisie nooit die waarheid bekend gemaak het dat hulle betrokke was by die moord op politieke aktiviste nie, wat bevestg word in Bron 2B
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Om die mislukkings van die WVK ten opsigte van sake soos Rick Turner te wys
- Om te wys dat die WVK nie die volle waarheid gekry het oor wat met slagoffers se families gebeur het nie
- Die inligting wat aan die WVK gegee is, het leemtes gehad soos deur die skeuring getoon
- Ten spyte daarvan dat die WVK die lig was om die gruweldade van die verlede op te spoor, het dit misluk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Daar was leemtes in die bewyse wat WVK ontvang het
- Nie almal het na die WVK gekom om die volle waarheid te vertel nie, vandaar die skeuring in die naam Waarheids-en-versoeningskommissie
- Die WVK het gebreke gehad aangesien sommige inligting deur die veiligheidspolisie geheim gehou is
- Die WVK het uitdagings teëgekom waardeur versoening nie maklik was nie aangesien sommige waarhede nie blootgelê is nie
- Sommige slagoffers was nie bereid om hul oortreders te vergewe nie
- Nie almal het afsluiting by die WVK-verhore gevind nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V2]*

- Om vriendskaplike verhoudings tussen die slagoffer en die oortreder te bring
- Eenheid tussen ŉ oortreder en die slagoffer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2B en 2C om hul ooreenkomste te bepaal – L3]*

- Bron 2C dui aan dat die moordenaars van Rick Turner nooit gevind is nie en Bron 2D toon dat die WVK nie altyd daarin geslaag het om die waarheid oor gruweldade te openbaar nie
- Bron 2C dui aan dat Jann Turner nie afsluiting by die WVK kon vind nie, en Bron 2D toon dat die WVK nie altyd suksesvol was om slagoffers die waarheid te gee wat hulle nodig gehad het om afsluiting te vind nie (aangedui deur die kloof tussen waarheid en versoening)
- Bron 2C dui aan dat slagoffers soos Jann Turner voor die WVK verskyn het om die waarheid/geregtigheid vir die moord op haar pa te soek, terwyl Bron 2D wys dat slagoffers van gruweldade ŉ platform by die WVK gekry het om die waarheid oor hul lyding te onthul
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**SLAGOFFERS GEHELP OM AFSLUITING TE VIND**

- WVK was om beide oortreders en slagoffers te versoen (Bron 2A)
- Baie gesinne het ŉ kans gehad om na vore te kom en hul kant van die storie te gee (eie kennis)
- Waarheidvertelling en genesing was die twee doelwitte van die WVK (Bron 2A)
- Nuwe hoop het ontstaan dat Turner se moordenaars geïdentifiseer sal word (Bron 2B)
- Jann Turner het getuienis gelewer oor die moord op haar pa (Bron 2C)



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

- Die WVK het ŉ platform aan Jann Turner gebied om die waarheid oor die moord op haar pa te soek (Bron 2C)
- Die WVK het probeer om slagoffers van politieke misdade te help om afsluiting te vind (Bron 2C)
- Sommige gesinne kon die waarheid oor die dood van hul geliefdes kry (eie kennis)
- Die slagoffers kon die oorskot vind en hul families behoorlike begrafnisse gee (eie kennis)
- Die WVK is gestig om die waarheid oor gruweldade te vind (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

**HET NIE SLAGOFFERS GEHELP OM AFSLUITING TE VIND NIE**

- Niemand is aanspreeklik gehou vir die moord op Rick Turner nie (Bron 2B)
- Die moordenaar van Rick Turner is nooit geïdentifiseer nie (Bron 2B)
- Die WVK het nie die reg gehad om mense te dagvaar om na die WVK te kom nie om slagoffers se inligting te verskaf oor waar hul geliefdes is om te genees (eie kennis)
- Sommige gesinne was nie in staat om die waarheid oor die dood van hul geliefdes te kry nie (Bron 2C)
- Daar was ŉ muur van stilte van die veiligheidspolisie oor die moord op Rick Turner (Bron 2C)
- Die WVK kon nie nuwe inligting oor die moord op Rick Turner kry nie (Bron 2C)
- Jann Turner het nie afsluiting gevind nie aangesien die waarheid nie bekend gemaak is nie (Bron 2C)
- Die WVK het nie daarin geslaag om versoening vir slagoffers te bring nie, aangesien sommige van die politieke misdade nie blootgelê is nie (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daarin geslaag het om slagoffers van politieke misdade te help om afsluiting te vind.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of die Waarheids-en-Versoenings-kommissie (WVK) daarin geslaag het om slagoffers van politieke misdade te help om afsluiting te vind.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) daarin geslaag het om slagoffers van politieke misdade te help om afsluiting te vind.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET HANDELSLIBERALISERING TOT WERKSVERLIES IN SUID-AFRIKA SE KLERE- EN TEKSTIELBEDRYF IN DIE 1990's BYGEDRA?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Marrakesj Algemene Ooreenkoms op Tariewe en Handel'
- 'Wêreldhandelsorganisasie se ooreenkoms' (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3A – V2]*
- Die opheffing van beperkings op handel in die klere- en tekstielbedryf
- Minimalisering van die regering se beperkings en regulasies in 'n ekonomie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Plaaslike produksie het afgeneem as gevolg van die Marrakesj-ooreenkoms
- Baie klerevervaardigers was traag om die nuwe mededingende omgewing in die gesig te staar
- Baie maatskappye ondervind finansiële probleme, wat tot die sluiting van besighede gelei het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Ondoeltreffendheid'
- 'Korrupsie' (2 x 1) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Hammarsdale' (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Dit het begin wegvreet aan Hammarsdale se ekonomie'
- 'Massiewe werkgewers, soos die tekstielreus die Frame-groep, het uit die dorp weggetrek'
- 'Duisende werksgeleenthede het verlore gegaan' (enige 2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Het tot swaarkry vir die gemeenskap van Hammarsdale gelei
- Die aankoms van goedkoop goedere het tot 'n hoë werkloosheidsyfer gelei
- Baie mense kon nie kos vir hul gesinne bekostig nie
- Mense ly honger in Hammarsdale
- Hammarsdale het ekonomiese resessie beleef
- Hammarsdale het ekonomiese uitdagings ervaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.2.4 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3B – V1]*
- Die rassesegregasiebeleide in Suid-Afrika vanaf 1948 tot die vroeë 1990's
- Rassediskriminasie waar die apartheidsregering verseker het dat wit Suid-Afrikaners beter werk en geleenthede as swart Suid-Afrikaners het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die verlies aan werksgeleenthede deur mense in Hammarsdale was die laaste strooi
- Die situasie in Hammarsdale was sleg, en daar was geen manier van ekonomiese herstel nie
- Die tekstielbedryf was die enigste hoop vir Hammarsdale
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Die plakkaat dra 'n boodskap oor dat klerefabrieke van sluiting gered moet word
- Dit is vervaardig om die lot van werkers in klere- en tekstielfabrieke uit te lig
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- COSATU wou wys dat hulle die werkers ondersteun wie hul werk verloor het
- COSATU was teen die sluiting van fabrieke
- COSATU het plaaslike vervaardigers in Suid-Afrika ondersteun
- COSATU wou ingryping van die regering hê
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Prys'
- 'Gehalte'
- 'Beskikbaarheid' (3 x 1) (3)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielwerkersunie /SACTWU (1 x 1) (1)

3.4.3 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 3C – L3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- DHN baie werk gered het en meer werk geskep deur afleggings te beëindig
- Mense deur DHN aansporings gegee is
- Dit die rol wat die Suid-Afrikaanse regering in die herlewing van die klere- en tekstielsektor gespeel het, toon
- Biljoen rande deur die regering in die klerebedryf belê is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3C en 3D om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun het – L3]*

- Bron 3C wys dat COSATU teen werkverliese, protesteer Bron 3D verwys na werkverliese
- Bron 3C toon dat daar ŉ uitroep van die vakbond was om die klerebedrywe te red en Bron 3D noem dat die tekstielbedrywe deur staatsinmenging gered is
- Beide bronne verwys na die redding van die tekstiel-/klerebedryf

Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Suid-Afrika het die GATT en die WHO onderteken, wat tot handelsliberalisering gelei het (Bron 3A)
- Tariewe van ontwikkelde lande is verlaag sodat hulle hul goedere in ontwikkelende lande kon verhandel sonder regeringsinmenging (Bron 3A)
- Suid-Afrika het begin om tariewe op die invoer van klere en tekstielprodukte te liberaliseer (Bron 3A)
- Die regering het nie by handel ingemeng nie (Bron 3A)
- Klere van lande soos China en Pakistan het Suid-Afrika sonder enige betaling van doeane binnegekom (Bron 3A)
- Goedkoop klere van China, Indië en Pakistan het die plaaslike mark begin bestee (Bron 3A)
- Die vraag na Suid-Afrikaanse klere en tekstielprodukte het begin afneem (Bron 3A)
- Klere- en tekstielfabrieke het hul deure begin sluit (Bron 3B)
- Die ekonomie in Hammarsdale het gedaal weens handelsliberalisering (Bron 3B)
- Klere- en tekstielfabrieke het begin om hul deure te sluit en werkers af te lê wat ŉ negatiewe impak op die gemeenskap gehad het/wat tot armoede en honger gelei het/mense wat op leë mae gaan slaap (Bron 3B)
- Jongmense kon nie werk in Hammarsdale kry nie (Bron 3B)
- COSATU het met oor protes werkverliese begin (Bron 3C)
- COSATU het met protes begin omdat fabrieke in KwaZulu-Natal en Kaapstad toegemaak het (Bron 3C)
- Die regering moes ŉ groot bedrag geld belê om die klere-, tekstiel-, skoene- en leersektore te help om te herstel (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe handelsliberalisering tot werkverliese in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf in die 1990’s bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe handelsliberalisering tot werkverliese in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf in die 1990’s bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor hoe handelsliberalisering tot werkverliese in Suid-Afrika se klere- en tekstielbedryf in die 1990’s bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui tot watter mate die Swart Bewussynsbeweging wat deur Steve Biko geïnisieer is, 'n deurslaggewende rol gespeel het om swartes aan te moedig om die apartheidsregering in die 1960's en 1970's uit te daag.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en aandui tot watter mate die Swartbewussynsbeweging wat deur Steve Biko geïnisieer is, 'n deurslaggewende rol gespeel het om swartes aan te moedig om die apartheidsregering in die 1960's en 1970's uit te daag.

**UITBREIDING**
- Rede vir die stigting van die Swartbewussynsbeweging (Agtergrond)
- SB maak swart mense bewus van die euwels van apartheid
- SB kweek 'n gevoel van eiewaarde en selfvertroue by swart Suid-Afrikaners
- Dit herstel swart trots
- Dit het die manier waarop swart Suid-Afrikaners hulself gesien het, verander
- Dit het hulle bemagtig om apartheid te konfronteer
- Biko het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om hulself te laat geld en dinge vir hulself te doen
- Elimineer die gevoel van minderwaardigheid en daag die regering uit
- Stigting van SASO (swart studente daag die regering uit)
- SASO het BC-idees oor die kampusse van etnies geskeide universiteite versprei
- SASO het swart eenheid en solidariteit bevorder
- Studente meer polities bewus gemaak
- Aanmoediging van studente om hulself van apartheid te bevry
- Biko het selfbevryding bevorder
- Hy het geglo dat assosiasie met blankes die bevrydingstryd ondoeltreffend maak en dat swartes hulself moet bevry
- Selfhelpgroepe vir swart gemeenskappe gestig met ander BC-leiers
- SB-idees is in SASO-nuusbriewe gepubliseer
- In 1972 is die Black People's Convention gevorm (swartes daag die regering uit)
- Gemik daarop om swart mense van beide sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Selfhelpprojekte is op die been gebring, bv. Zanempilo Clinic, Ginsburg en Zimele Trust Fonds
- Het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union in 1972 (swart werkers uitdaging apartheidsregering)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- SB het leerdes beïnvloed, wat tot die vorming van SASM gelei het
- Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium in skole in 1975 ingestel
- SASO en SASB het studente beïnvloed in die stigting van die Soweto-Studente verteenwoordigenderaad (SSVR)
- Beide swart onderwysers en leerders het Afrikaans verwerp aangesien hulle dit as die taal van die onderdrukker beskou het
- Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) het die Soweto-opstand ontketen
- Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam teen die implementering van hierdie omsendbrief betoog
- Die polisie het gereageer deur op die betogers te skiet; die eerste slagoffer was die 13-jarige Hector Peterson.
- Aanvanklik was die Suid-Afrikaanse regering nie bekommerd oor die SBB en dit het gelyk in lyn met sy beleid van afsonderlike ontwikkeling
- SBB het sterker geword en ŉ uitdaging aan die staat gestel
- Dit het ŉ massabeweging geword wat apartheid wou ondermyn
- Biko se toesprake het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om apartheid te verwerp
- SB-idees het die werkers aangehits om met stakings te begin
- SBB het disinvesterings ondersteun
- Verban en huisarres van Biko en ander leiers
- SB-leiers is verbied om in die openbaar te praat
- BPC-aktiviste is sonder verhoor aangehou
- SASO is op universiteitskampusse verbied
- Biko is gearresteer en ondervra
- Biko is in 1977 wreed deur die veiligheidspolisie vermoor
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ŉ relevante slot. **[50]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet saamstem of nie saamstem met die stelling, dat die pad na demokrasie gevul was met uitdagings wat onderhandeling byna tot stilstand gebring het, maar die sterk leierskap en toewyding wat deur die Nasionale Party-regering en die African National Congress getoon is tydens die onderhandelingsproses wat in 1990 begin het, het 'n deurslaggewende rol in die fasilitering van die eerste demokratiese verkiesings in 1994 gespeel. Kandidate moet hul argument met relevante bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur saam te stem of nie saam te stem met die stelling dat die pad na demokrasie gevul was met uitdagings wat onderhandelinge byna gestop het. Die sterk leierskap en toewyding wat beide die Nasionale Party-regering en die African National Congress getoon het tydens die onderhandelingsproses wat in 1990 begin het, het egter 'n deurslaggewende rol in die fasilitering van die eerste demokratiese verkiesings in 1994 gespeel. Hulle moet 'n uiteensetting verskaf van die inhoud wat hulle sou gebruik om hul argumentasie te ondersteun.

**UITBREIDING**
- FW De Klerk het PW Botha in 1989 vervang en stel hervorming voor
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (leierskap deur De Klerk)
- Ontbanning van die ANC, die PAC en die SAKP en ander verbode partye (toegewydheid deur ANC en NP)
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990
- Politieke partye verbind hulself om geweld te beëindig en te onderhandel (toegewydheid deur ANC en NP)
- Geweld in die Vaal Driehoek (uitdaging)
- Handgranaataanvalle by die Melrose House Museum 24 Mei 1990 (uitdaging)
- Pretoria Minuut in Augustus 1990 – ANC het gewapende stryd opgeskort en NP hef die noodtoestand op (toegewydheid deur ANC en NP)
- Nagaanval op 'n plakkerskamp in Thokoza (uitdaging)
- Die Nasionale Vredes-ooreenkoms (14 September 1990) geteken deur 27 politieke partye – bied veiligheidsnet vir onderhandelinge
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe vir KP en PAC (toegewydheid)
- Die Verklaring van Voorneme – partye het ooreengekom om 'n nuwe grondwet op en tussentydse regering te stig
- Slegs-blankes referendum (toegewydheid en leierskap deur De Klerk) – De Klerk het wit mening getoets nadat hy drie tussenverkiesings aan CP verloor het

Kopiereg voorbehou 
Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Resultaat – landwye Ja – onderhandelinge gaan voort
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – was onsuksesvol as gevolg van geweld en die onvermoë van partye om oor magsdeling saam te stem
- Boipatong-slagting en invloed van Derde Mag (17 Junie 1992) (uitdaging)
- Bisho-slagting (September 1992) (uitdaging) – ANC-ondersteuners wie deel wou wees van die onderhandelingsproses
- ANC doen beroep op grootskaalse massa-aksie teen die Nasionale Party
- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa verbind hulself tot vrede en tot onderhandelinge (leierskap en toegewydheid)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – en die impak op onderhandelinge
- De Klerk vra vir Mandela om die nasie op TV toe te spreek (leierskap en toegewydheid)
- Joe Slovo se Sonsonderklosule (leierskap)
- Partye wat meer as 5% van stemme wen, sal ŉ regering van nasionale eenheid vorm om die nuwe SA regeer
- Blankes kan hul werk vir 5 jaar behou
- Multiparty onderhandelinge hervat by die Wêreldhandelsentrum maar het nie aangehou nie (toegewydheid van politieke partye)
- Die AWB het die onderhandelinge op 15 Junie 1993 onderbreek, toe hulle die Wêreldhandelsentrum met ŉ gepantserde voertuig bestorm met die hoop om onderhandelinge te stop (uitdaging)
- St James Kerk-slagting (25 Julie 1993) (uitdaging)
- Heidelberg Tavern-skiet (30 Desember 1993) (uitdaging)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994) (uitdaging)
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27 April 1994)
- Voortgesette geweld regdeur verkiesings
- ŉ Motorbom buite ANC-hoofkantore (uitdaging)
- ŉ Motorbom het by Jan Smuts-lughawe ontplof (uitdaging)
- Uitslae van verkiesing: ANC 62,7%, NP 20,4% en IVP 10,5%
- Mandela het die eerste swart Staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika geword met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ŉ relevante slot.

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek hoe Gorbachev se baanbrekende hervormings in die Sowjetunie in die 1980's 'n negatiewe impak op die Sowjetunie gehad het, maar ook tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het wat FW de Klerk beïnvloed het om hervormings in 1990 te implementeer.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet krities bespreek hoe Gorbachev se baanbrekende hervormings in die Sowjetunie in die 1980's 'n negatiewe impak op die Sowjetunie gehad het, maar ook tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het wat FW de Klerk beïnvloed het om hervormings in 1990 te implementeer.

**UITBREIDING**

- Sowjetunie beleef ekonomiese agteruitgang (agtergrond informasie)
- Sowjetunie spandeer geld op Afghanistan Oorlog en Koue Oorlog
- Sowjet bestee baie geld aan kernwapens
- Gorbachev het die Sekretaris-Generaal van die KPSU geword en het in 1985 die Sowjet-president geword op die ouderdom van 54 jaar
- Hy het gehoop om die ekonomie te laat herleef en sy markte deur hervormings, Perestroika en Glasnost, in te stel
- Perestroika beteken herstrukturering van die ekonomie
- Perestroika het kleinskaalse privaat eienaarskap toegelaat en die regering se beheer oor produksie verwyder
- Glasnost beteken openheid
- Glasnost het mense toegelaat om die regering te kritiseer
- Glasnost het tot kritiek op die beleid van Perestroika en Gorbachev gelei
- Heelwat onversetlike kommuniste was ontevrede met beleide
- Tuis het hy twee soorte teenstanders gehad: onversetlikes wat teen die hervormings gekant was en die liberale wat hom gekritiseer het dat hy nie vinning genoeg veranderinge implementeer nie
- Die twee beleide het mekaar nie so ondersteun soos wat gedink is nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Hy het tuis ondersteuning verloor
- Die eenheid van die Sowjetunie was in gevaar, en sosialisme is bedreig
- Baie onderliggende verskille het altyd onder die 15 republieke bestaan
- Burgerlike verset het tussen verskeie groepe uitgebreek
- Ou vorm van nasionalisme het na vore gekom
- Hy het probeer om die disintergrasie te keer deur die stigting van 'n Federasie van Staat voor te stel – wat misluk het
- In 1990 het verskeie Sowjetstate, Rusland, onder Gorbachev se bitter teenstander, Boris Yeltsin, ingesluit, hulle onafhanklikheid verklaar


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Op 25 Desember 1991 het die USSR asook die Kommunisteparty ontbind
- Elk van die 15 republieke het onafhanklikeid verkry en lede van die Commonwealth of Independent States (Statebond van onafhanklikheid state) geword.
- Dit het tot die einde van kommunisme en die einde van die Koue Oorlog gelei
- Sowjetunie word nie meer as ŉ supermoondheid beskou nie
- Kommunisme is nie meer as ŉ 'globale bedreiging' gesien nie
- Ineenstorting van die Berlynse Muur in 1989 het die einde van Koue Oorlog aangedui
- Beide partye het geen ander keuse gehad as om met onderhandelinge te begin nie
- Die nederlaag van die SAW tydens die Slag van Cuito Cuanavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste te begin onderhandel oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- Suid-Afrika het aan Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen en het dit na Namibië herdoop
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheid te ondersteun nie
- Die Weste plaas nou druk op die NP om met die ANC te onderhandel of gesig voortgesette sanksies aangesien Suid-Afrika van geen nut was nie
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC om te onderhandel
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party regering nie wit oppergesag regering onbepaald kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat as apartheid voortduur die ontwikkeling van 'wit' ekonomie sou daaronder ly
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig is om die ontwikkeling van ŉ sterk swart middelklas wat as ŉ 'bolwerk' sou optree teen rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om die Westerse steun te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer staatmaak op Westerse steun vir sy 'anti-kommunistiese' houding
- Wêreldpolitiek het verander en dit het ŉ impak op Suid-Afrika se apartheidsbeleid gehad
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid van rasseskeiding te regverdig nie
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen ŉ kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink die ANC sou swak wees en het sy bereidwilligheid daarvoor gewys om met die ANC te onderhandel
- Die Sowjetunie kon nie meer die ANC finansieël ondersteun nie aangesien hulle bankrot was
- Die Sowjetunie sal nie meer die ANC met wapens ondersteun nie aangesien dit ten gunste van vreedsame onderhandelinge was
- Die ANC kon nie sonder die Sowjet militêre en finansiële ondersteuning met die gewapende stryd teen die NP voortgaan nie
- Die ANC het nou ook bereidwilligheid getoon om met NP te onderhandel as alternatief vir die gewapende stryd

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie ’n sameswering gerig vanaf Moskou was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om ’n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheid aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelpartygesprekke
- Hierdie samesprekings het uiteindelik gelei tot demokratiese verkiesings wat in 1994 gehou is
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met ’n relevante slot. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**